Sondag **16 Junie**

**Skrifgedeelte: Johannes 14:15-31 (AFR 1953/2020)**

**Fokusgedeelte: Johannes 14:25, 26**

**Die Gees leer en onderrig ons**

Tydens sy hele lewe op aarde het Jesus Christus sy dissipels geleer en onderrig oor die dinge van die Vader. Sy onderrigtyd op aarde het amper tot ’n einde gekom. Hy self gaan hulle nie meer leer nie, daarom belowe Hy dat die Heilige Gees hulle verder sal leer en onderrig.

Die Parakleet. Die Parakleet is iemand wat namens iemand anders help, ’n voorspraak. Die Parakleet sal in hulle werk en hulle verder leer wat hulle moet weet oor hulle verlossing. Hy onderrig ons deur die Woord, Hy verander ons, Hy maak ons heilig, Hy leer ons elke dag.

In Handelinge 2:33 lees ons oor Christus: *“Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Heilige Gees uitgestort en dit is wat julle sien en hoor.”*

Wat die Heilige Gees ons laat sien en hoor, is dat ons volkome verlos is deur Jesus Christus. Hy leer ons alles wat nodig is om te weet oor ons verlossing. Hy leer ons ook om oor die verlossingswerk te gaan praat. Om te gaan verkondig dat almal wat in Christus glo gered is. Die Heilige Gees, die Parakleet, herinner ons elke dag aan alles wat Jesus Christus aan sy dissipels geleer het. Dit is wat Christus aan ons belowe het en wat nou ’n werklikheid is. Wanneer die uitverkorenes van God dit in geloof omhels, word hulle wedergebore kinders van God. Dan word die gelowige kinders van God ingelei in die “klaskamer” van die Parakleet, waar ons alles leer wat God aan ons openbaar.

Daarom moet ons die Woord van God bestudeer en met kinderlike ontsag na Hom luister. Daarom moet ons bid dat die Gees ons ore en oë sal oopmaak en ons harte sal ontvanklik maak. Daarom het ons sekerheid dat Christus steeds by ons is. Dat Hy die Heilige Gees uitgestort het om elke kind van God na Hom toe te lei, dat Hy ons steeds leer en onderrig, dat ons kan weet: Ons is verlos.

*Psalm 143-1:8*

*Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)*